

Wedywer met perde

January 2004

Hierdie artikel is uit die oorspronklike artikel wat ek op 11 Januarie 2004 geskryf het, aangepas. Dit was die begin van die finansiële ineenstorting van die Zimbabwiese dollar wat op die onregverdige plaas besettings gevolg het. Die Reserwe Bank se beleidsverklaring op 12 Desember 2003 het die rentekoerse op oortrokke rekeninge oornag van 45% na 'n astronomiese 600% per jaar laat styg. Talle maatskappye het oornag bankrot gespeel en my maatskappy en boerdery het ook amper deurgeloop. Dit was net deur die genade en bonatuurlike ingryping van die Here deur 'n woord van wysheid wat die Heilige Gees my in daardie tyd gegee het dat ons bankrotskap vrygespring het.

Mig 6:6 "Waarmee sal ek YHWH tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers?

6:7 "Sal YHWH 'n welbehae hê in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel?

6:8 "Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra YHWH van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?"

As ons verder lees, sien ons hoe die regverdigdes deur uiterste boosheid omring word:

6:12 "Want die rykes in die stad is vol geweld, en die inwoners daarvan spreek leuentaai, en hulle tong is bedrog in hulle mond."

Hier staan ons aan die begin van 'n nuwe jaar - 2004. Baie mense is verbyster, om die minste te sê. Die aanslae op die regverdiges is onverbiddelik. Dit lyk of die bose seëvier en die regverdiges is moeg. Job se vriende het die volgende oor hom gesê:

*Job 4:3-4 "Kyk, jy het baie mense tereggewys en slap hande versterk. Jou **woorde** het opgerig die wat struikel, en jy het knikkende knieë versterk."*

As Job mense deur net sy woorde alleen kon bemoedig en knikkende knieë kon versterk, wil ek dit ook graag vir julle doen – om 'n woord van bemoediging in hierdie boosaardige tyd te spreek, en te bid dat dit jou sal versterk en weer die hoop sal gee wat jy nodig het om die toekoms vreesloos tegemoet te gaan.

Wanneer ons van die geweld en uiterste boosheid lees, en dieselfde elke dag om ons ervaar, word ons aan Paulus se waarskuwing herinner:

2Tim 3:1 "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom."

Dan gee hy verder die rede vir hierdie moeilike tye:

3:2 "Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God ..."

Ons leef nou in daardie laaste dae. Die Skrif sê dat niemand weet wanneer Christus weer sal kom nie, maar dit waarsku ons wel dat ons die tekens en seisoene moet ken - en ek glo hierdie is die seisoen waarin al daardie dinge gaan plaasvind. Jesus het van hierdie tye gepraat toe Hy gesê het:

Lukas 21:28 "En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is."

Te midde van die onrus van die laaste dae waarna Miga verwys, gee hy ons die opdrag om drie eenvoudige dinge te doen:

Om reg te doen, en liefde te betrag, en ootmoedig te wandel met ons God. Ons kan dit egter nie in ons eie krag doen nie.

Ons het 'n verskriklike drie maande agter die rug waartydens ons in die spervuur tussen die Reserwe Bank en ons eie bank vasgevang was. Om 'n lang storie kort te maak, het die banke dwase beleggings gemaak en die Reserwe Bank het op hulle gesprong en gedreig om hulle toe te maak. Hul enigste uitweg was om hewige beleidsbesluite oornag te maak, wat hulle in staat gestel het om miljoene dollars van hul kliënte te neem om hulle skuld by die Reserwe Bank sodoende te betaal. Ons was dus heeltemal onkant gevang, en elke reserwe wat ons gehad het, is deur hulle immorele daad uitgewis.

Wat staan ons dan te doen as die wêreld so korrup optree? Ons gaan soek leiding in die Woord. 'n Skrifgedeelte wat deur my hart en gees weerklink, is hierdie ongewone vers in Jeremia:

Jer 12:5 "As jy met voetgangers loop, maak hulle jou moeg: hoe sal jy dan wedywer met die perde? En in 'n land van vrede voel jy jou veilig: hoe sal jy dan maak in die pronkbosse van die Jordaan?"

Wat 'n interessante vers! Hoe kan ons met perde wedywer? Onthou hoe Elía vir reën gebid het nadat hy met die priesters van Baäl op Berg Karmel klaargespeel het? Toe die wolke begin saampak, het hy 'n boodskap na koning Agab gestuur om sy strydwa gereed te maak om huis toe te ry en Elía het "*sy lendene omgord en voor Agab uit na Jísreël gehardloop*". Met ander woorde hy het vinniger as Agab se perde gehardloop! Sjoe!

Mens kan nie in jou eie krag vinniger as perde hardloop nie. Jeremia se vraag laat 'n mens diep dink. As ons nie met die voetgangers kan loop nie – die natuurlike dinge kan hanteer nie – hoe sal ons dit dan hanteer wanneer die ware druk kom? Mense, ons is in die laaste dae en die druk en die boosheid gaan eerder toeneem as afneem.

Die Heilige Gees het aan die einde van 2003, terwyl ons die nuwe jaar ingebid het, deur 'n profetiese gawe met ons gepraat. Hy het vir ons gesê dat dinge moeiliker gaan raak. Hy het egter ook gesê dat hierdie 'n tyd van wonderwerke sou wees, en dat ons ons geloof in Hom moes versterk.

Om *met perde te wedywer*, het mens bonatuurlike krag nodig en ek glo dat ons elke dag in die Woord van God moet leef en die beginsels daarin moet toepas soos die Heilige Gees ons lei. Dit sal ons enigste bron van lig in hierdie donker tye wees. Ons kan nie bekostig om soos die wêreld te dink en te handel nie. Die Woord is ons

standaard en daarmee kan en moet ons *met perde wedywer* en wen.

Twee ander Skrifgedeeltes het my in hierdie moeilike tye oortuig en werklik uitgedaag. Hierdie was die waarhede wat koning Lemuel se moeder hom geleer het:

Spr 31:4 "Die konings, o Lemuel, die konings moet nie wyn drink nie, en die vorste moet nie sterk drank begeer nie; anders drink hy en vergeet die insettinge en verdraai die reg van al die ellendiges ..."

Vir my gaan hierdie nie soveel oor die sterk drank nie, want ek gebruik nie alkohol nie. Die beginsel hier was eenvoudig: *As ek 'n koning wil wees, is daar sekere dinge wat ek eenvoudig nie mag doen nie*. Ons behoort op 'n hoër vlak te leef en die gewone aanvaarbare ondeugde van die mensdom moenie deel van ons lewe wees nie. God wil hê dat ons met perde moet wedywer, en daarom *kan ons nie bekostig om met wêreldse dinge rond te speel nie*. Dit sal ons verswak.

Simson het aan Delila gesê dat as sy hare gesny word, hy net so swak soos enige ander man sou wees. Met die sny van sy hare is hy na die vlak van ander mans afgebring en was die Heilige Gees nie meer in hom nie. Toe dit uiteindelik gebeur het, sê die Skrif dat hy *nie besef het dat YHWH van hom gewyk het nie* (Rigters 16:20). As ons dinge op die wêreldse manier doen, mag ons dink dat ons steeds die Here dien, maar ons is onbewus dat sy beskerming van ons gewyk het. Dit het verlede jaar in my onderhandelinge met die bank, met my gebeur!

’n Ander Skrifgedeelte wat ’n soortgelyke boodskap bevat, lui soos volg:

Jak 3:1 "Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons ’n groter oordeel sal ondergaan."

Die vraag is, wat wil ons uit die lewe hê? Wil ons maar net ’n eenvoudige lewe lei, of wil ons die beste hê? Wil ons ten volle hê wat God vir ons beplan het? Indien wel, *word ’n hoër standaard van ons verwag* – ’n *strenger oordeel* – ’n *strenger dissipline*. Is ons gereed daarvoor? Wil ons die wonderwerkende krag van God in ons lewens beleef? Wil ons werklik meer van God in ons lewens ervaar? Wil ons die manifestasie van sy hand sien in dit wat ons doen? Dan sal daar ’n *hoër standaard vereis word*.

Indien ons *met perde wil wedywer*, sal ons elke dag in die Gees moet wandel – ons sal *God se stem moet ken* wat ons in elke besluit wat ons neem, sal lei. Ons sal in al ons handeling met gebed toegemaak moet word. Sommige van ons het die gewoonte aangeleer om ’n groep mense te vra om vir ons te bid wanneer ons belangrike besluite moet neem. Hierdeur het ons God se uitsonderlike werk gesien, wat ons uit die strik van die bose verlos het.

Ek glo dat my stryd met die bank ’n direkte gevolg van oorhaastige, dwase besluite was wat ek geneem het sonder dat ek die Here se leiding gevra het – en ek was in die wêreld se wip vasgevang. Dit sou verseker nie gebeur het as ek gehoorsaam was nie.

Die ingesteldheid waarvan Miga praat – om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God – is die ingesteldheid van 'n oorwinnaar. Terwyl die wêreld om ons mekaar haat en in die malle wedloop na sukses aftrek, moet ons vir mekaar omgee. Ons doen dit deur reg te doen en genadig te wees – ons harte moet nederig wees – eerbiedig aan God en gehoorsaam aan sy leiding.

Wil jy graag op 'n hoër vlak leef? Wil jy *met perde wedywer en wen*? Dan is die eerste stap om te *bely* dat jy dinge op jou eie manier en in jou eie krag gedoen het. Die tweede stap, glo ek, is om ons daaglikse aktiwiteite aan die Here op te dra, om seker te maak dat ons tyd saam met Hom deurbring terwyl ons *sy rigting vir ons lewe soek*. Die derde stap is die moeilike stap – *ons moet sterf!* Ek bedoel nie fisies nie. Ek bedoel ons moet tot ons eie begeertes en behoeftes sterf en tot die besef kom dat God se doel met ons lewe hoër as ons eie is.

Daar kan geen wonderbaarlike opstanding sonder 'n sterfte wees nie!

Paulus het gesê,

1Kor 15:31 "... Ek sterf dag vir dag."

Hy het dit gesê na aanleiding van die gevare waarmee hy gedurig gekonfronteer was. Eerder as om van die moeilikhede weg te hardloop, het hy hulle moedig tegemoet gegaan, met die risiko dat hy sy lewe in gevaar sou stel. Dit het hy ter wille van die koninkryk van God gedoen. Hy het sy lewe "*... tot die dood toe ... nie liefgehad nie*". Hoe ver is ons bereid om met die Here te stap en sy Woord te gehoorsaam? Tot watter mate sal

ons sy doeleindes bo ons eie stel? Die antwoord op hierdie vraag sal die mate bepaal waarmee ons *met perde sal wedywer* en sal wen.

Toe ek in daardie tyd van onmoontlikheid my eie ongehoorsaamheid voor God bely het en die Here om hulp en wysheid aangeroop om deur hierdie onmoontlike situasie te kom. Het hy my gebed verhoor en op 'n wonderbaarlike wyse van daardie bose mense se wrede greep verlos. Ek het 'n bonatuurlike oorwinning behaal. Prys sy Naam!

Mag jy die uitdaging om *met perde te wedywer*, aanvaar. Mag jy God se wonderbaarlike krag daagliks in jou lewe ervaar. Mag jy ook wen!

Henry D Jackson